



# WAKANDA

*my liefste*

RONÉL LE ROUX

Wakanda, my liefste...

deur

Ronél le Roux

© Ronél le Roux

**Eerste publikasie** Oktober 2021

**Geset** in Franklin Gothic 12

**Teksversorging**

Ronél Dunn en Bets Koen

[www.pendit.co.za](http://www.pendit.co.za); [info@pendit.co.za](mailto:info@pendit.co.za)

**Tipografie**

Bets Koen / [bets.adminco@gmail.com](mailto:bets.adminco@gmail.com)

**Omslag**

NS Kreatiewe Ontwerp

[www.nicoschamrel.com](http://www.nicoschamrel.com)

[nicoschamrel@gmail.com](mailto:nicoschamrel@gmail.com)

*Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.*

**Uitgewer:**



[www.nskrywershuis.co.za](http://www.nskrywershuis.co.za); [info@nshuis.co.za](mailto:info@nshuis.co.za)

**Gedruk deur:** Groep 7 Drukkers

[www.groep7.co.za](http://www.groep7.co.za); [epos@groep7.co.za](mailto:epos@groep7.co.za)

“The honor of the people lies in the moccasin tracks of the woman. Walk the good road... Be dutiful, respectful, gentle, and modest, my daughter... Be strong with the warm, strong heart of the earth. No people goes down until their women are weak and dishonored, or dead upon the ground. Be strong and sing the strength of the Great Powers within you, all around you.”

–Village Wise Man, SIOUX

## Proloog

---

*Met die digte stof in die lug is dit bykans onmoontlik om te sien wat aangaan. Die diere maal verwoed rond toe hulle beseft dat hulle teen die kranse vasgekeer is, draai dan opeens om en storm terug in die rigting waarvandaan hulle gekom het. Die man op die bont hings skree iets, maar sy stem gaan verlore in die oorverdowende lawaai van dawerende hoewe en gesnork van die verwarde buffels.*

*Die jong vrou is nie meer op haar perd nie. Dié staan veilig eenkant op 'n effense hoogtetjie, vanwaar hy die tragedie wat op die vlakte afspeel, angsvul dophou. Daar is vir haar geen uitkoms nie. Die buffels storm bo-oor haar asof sy nie bestaan nie.*

*Toe hy nader aan haar kan kom, spring die man van sy perd af. Al die buffels is nog nie verby nie. Hy hurk by haar. 'n Wond gaap rou aan haar keel. Die res van haar liggaam is stukkend getrap, byna onherkenbaar mens. Hy lig sy kop en 'n onaardse geluid ontsnap uit sy keel. Dan gil hy harder as die lawaai sodat sy foltering teen die kranse weergalm.*

*Hy hoor die buffel aankom lank voordat hy dit sien. Die stof is so dik dat dit die sonlig verdonker. Hy haal die enkele pyl uit sy koker en sit dit in die boog. Sy hele lyf bewe. 'n Enkele pyl teen 'n aanstormende ton soliede spiermassa is nutteloos. Die oomblik dat hy die buffel uit die newels van stof sien kom, los hy die pyl.*

*Dit tref die buffel tussen die oë, maar dit laat hom nie eens in sy vaart wankel nie. Enkele sekondes later tref hy die man vol teen die bors ... slinger hom eenkant toe, waar hy bo-oor die gebroke liggaam van sy geliefde val. 'n Tweede, derde en vierde buffel vertrap die liggame van die twee jong jagters tot pulp.*

*Hulle donkerrooi bloed verenig en vloei saam weg in die dorre aarde.*

*“Soms gebeur dit dat daar soveel trauma en skuldgevoelens in mense se lewens is, dat hulle dit net eenvoudig móét uitsorteer om dit af te handel. Ek vermoed dat julle twee weer bymekaar is om reg te maak wat julle verbrou het.”*





# Hoofstuk 1

---

Anneri se maag trek op 'n knop. Sy weet sy het die regte besluit geneem, maar om Mia te kry om die doel daarvan in te sien, en meer nog, dit te geniet, sal nie maklik wees nie. Mia is vanmiddag nog meer hardkoppig as gewoonlik. Vyfjarige dogtertjies kan só eiewys wees!

“Kan ek asseblief gou jou hare borsel? Ons gaan laat wees as ons nie gou maak nie.”

“Maar ek wil nie gaan nie, Mamma. Dit is baie lekkerder by die huis.”

Sy begin dan ook dadelik haar speelgoedkas uitpak. Anneri sug. Die kind is natuurlik totaal onbewus van die moeite wat sy gedoen het om tot hierdie besluit te kom. Die navorsing op die internet en die wroeging wat daarmee gepaard gegaan het, is vir haar onbekend. Sy weet nie dat haar mamma ook baie eerder net by die huis sou wou bly nie.

“Mia, ek dink ons moet tog gaan kyk hoe lyk die perdjies. Dalk is daar een wat graag 'n dogtertjie soos jy wil leer ken.” Anneri begin om Mia se hare te borsel. Sy sal maar ferm moet wees. Dit is ter wille van Mia dat hulle moet gaan.

“Kan ons dan daarna koeldrank gaan drink, Mamma?”

“Ja, dis 'n baie goeie plan.”

Op pad na die sentrum is Mia stil en staar net by die motorvenster aan haar kant uit. Anneri weet die kind is nie opgewonde oor die uitstappie nie. As sy opgewonde was, sou sy

aaneen gebabbel het. Mia hou nie van nuwe ervarings nie. Maar is dit nie tog hoe syself is nie? Dit is baie gemakliker en veiliger om net by die bekende te bly.

“Ons is hier. Kyk net hoe mooi is dit alles.”

Mia antwoord nie. Sy bly net deur die venster kyk. Hulle ry onderdeur die groot bord waarop die naam van die sentrum staan: *Jayden's Equestrian Healing & Fresians*.

“Die perde is mooi, nè? Hulle is seker baie lief vir hierdie groen gras. Kyk hoe vet is hulle!” Anneri probeer haar bes om Mia se belangstelling te prikkel. Gaan hierdie plan van haar werk? Sy poog hard om haar eie spanning vir Mia weg te steek. Sy parkeer en hulle klim uit.

Toe Mia haar hand styf vasvat, weet Anneri dat die klein handjie nie maklik gaan los nie. Hulle stap na die ontvangslokaal waar 'n paar ander ma's, enkele pa's en kinders reeds rondstaan. Sy sien dadelik die yslike plakkaat teen die een muur raak en lees die stuk van Toni Robinson vlugtig:

*“Horses change lives.  
They give our young people  
confidence and self-esteem.  
They provide  
peace and tranquility  
to troubled souls,  
they give us hope.”*

“Is jy Anneri?” 'n Ligtekop vrou met vriendelike blou oë stap nader toe Anneri knik, en hurk by Mia.

“En jy moet dan seker Mia wees? Ek is Monica, en ek is baie bly jy het gekom; ons gaan sommer baie pret hê, al voel dit nog vir jou vreemd.” Monica draai na die res van die groep wat almal maar effens ongemaklik lyk.

“Siende dat dit almal se eerste keer hier is, kan die ouers ook saam met my en die kinders stap om die sentrum te verken. Maak net asseblief seker dat julle die register teken en een van die brosjures vat wat daar lê. Daarin is handige inligting wat heelwat van julle vrae sal beantwoord.”

Anneri teken vinnig en neem een van die brosjures. Sy is bly hulle het nie té vroeg hier aangekom nie; sy sou dalk moes geselsies aanknoop en haarself voorstel. Nou kan hulle onopvallend by die groep inval.

Die hele tyd hou Mia haar hand styf vas, maar begin tog lyk asof sy effens meer ontspan en belangstellend rondkyk.

“Hier is die perde se slaapplek. Elkeen het sy of haar eie warm stal met sagte droë gras waarop hulle kan lê.” Dis duidelik dat sy met die kinders praat en dat sy daaraan gewoond is om op hulle vlak te kommunikeer.

Die meeste stalle is leeg, en net hier en daar loer ’n perd nuuskierig oor die onderdeur na hulle. Al die kinders is maar skrikkerig vir die perde en waag nie om aan hulle te vat nie.

Mia se belangstelling is onmiddellik geprikkel toe hulle by ’n kampie kom waar ’n jong vulletjie by die merrie staan. Sy klim dadelik op die houtrelings.

“Mamma, daar is ’n babaperdjie! Kyk net sy lang bene!” Haar donker ogies blink opgewonde en daar is ’n blos op haar wange wat in die laaste tyd meer dikwels bleek is.

“Mamma sien. Is hy nie te skattig nie?”

“Kan ek asseblief die hele tyd hier bly, Mamma? Ek wil net vir hierdie perd baba kyk.”

“Ons kan weer na hom toe kom, maar nou moet ons eers saam met tannie Monica stap.” Mia lyk alles behalwe daarvoor lus, maar klim tog gedwee af en vat weer Anneri se hand.

Hulle drentel agter die groep aan terwyl Monica nog inligting gee oor die verskillende kampe en die perde daarin. Anneri se aandag dwaal. Perde was nog nooit een van haar belangstellings nie en sy het ook nog nooit gery nie. Tog het terapie met perde na die ideale oplossing vir Mia se situasie gelyk, en hoe meer sy daarvoor opgelees het, hoe groter was haar oortuiging dat Mia hierby kan baat. As die kind net gewillig sal wees om saam te werk. Dit bly aan Anneri knaag. Sy kan Mia tog nie dwing nie; sal dit nie meer skade aan die brose kindergemoed doen nie?

In een van die kampe, ietwat verder van die res, staan ’n glimswart perd wat dadelik Anneri se aandag trek. Ten spyte van haar beperkte kennis, kan sy dadelik sien dat hierdie een besonders is. Die pels is só swart dat dit byna blou lyk. Die dier is ook swaarder gebou en hoër as die res van die perde wat sy sover gesien het. Die glansende maanhare en stert is lank en lig gekartel; ’n teken dat hy seker daaglik en met liefde geborsel word. Hy staar belangstellend in hulle rigting, asof hy na iets of iemand soek.

Dan fokus sy helder oë net op haar. ’n Sonderlinge rustigheid is skielik deel van haar en sy is net bewus van haar hart wat vreedzaam in haar klop-klop.

“Hy is mooi, nè?” Die diep manstem bring haar terug na die hede.

“Hy is nie mooi nie, hy is sprokiesmooi ...” Haar stem klink veraf en vreemd vir haarself. Sy kan haar oë nie van die dier af wegdraai nie. Wie die man langs haar is, is onbelangrik; sy het nog nooit so ’n pragdier gesien nie. Die perd vreet aan die groen gras en beweeg verder weg van hulle. Sy draai stadig na die man langs haar.

“Dit was ongelooflik! Hy het reguit vir my gekyk, diep in my oë, asof hy my herken of iets. Dit was ... vreemd.”

“Ek het dit gesien. Hy is inderdaad ’n buitengewone dier en ek is die trotse eienaar. My naam is Jayden en jy is?”

Anneri kom terug na die werklikheid. Het sy nou sowaar haar bewondering vir sy perd soos ’n verspotte tiener uitgeblaker? Jayden. Dit moet die eienaar van die sentrum wees.

“Anneri en dit is ...” Sy draai om, maar Mia is nie by haar nie. In haar vervoering het sy skoon van Mia vergeet en haar maag dop om, maar dan merk sy haar op. Die dogtertjie staan weer na die vulletjie en kyk.

Verras besef Anneri dat Mia uit haar eie haar hand kon los en alleen wegbeweeg – maar haar kind kon iets oorkom terwyl sy so in haar eie wêreld weggeraak het!

“Die kleinding daar is Mia, my dogtertjie. Dit is vir haar wat ons hier is. Ek het nie eers agtergekom sy het weggehoop nie.”

“Solank sy net nie oor die heining klim nie, is sy heeltemal veilig.”

“Dankie, ek het nie gedink sy sal weggaan van my af nie, maar die vulletjie het haar hart gesteel.”

“En die swart hings het joune gesteel.” Jayden se oë gly goedkeurend oor die pragdier. “Jy is nie die enigste een wat beïndruk is met hom nie. Sommige mense het ’n onmiddellike

vrees vir hom. Nie dat dit eienaardig is nie, hy kan baie intimiderend wees. Ander, soos jy, het 'n soort konneksie met hom, maar ek moet erken, ek het hom nog nooit so intens sien reageer op iemand soos so pas met jou nie.”

“Hoekom sou dit wees?”

“Hy is die perd wat ek veral gebruik wanneer ek vroue in terapie het. Gewoonlik reageer hy so wanneer hy aanvoel dat iemand baie seergekry het of onopgelosde emosies in hul het. Dit is asof hy alles kan raaksien. Ek het dus my teorie daaroor.”

Dit word stil in haar en haar oë gaan weer oor die pragtige dier. *Hoe is dit moontlik?*

“Ek moet kantoor toe gaan. Lekker om jou te kon ontmoet.”

“Lekker werk.” Die woorde kom outomaties. Daar is 'n ongemaklikheid in haar dat die perd haar soos 'n oop boek kan lees.

## VERVOLG